HOËRSKOOL CENTURION
WOERIE-KAMPUS

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

14 Oktober 2024

Geagte Toekomstige Woerie-ouer en Graad 8-leerder

BELANGRIKE REËLINGS EN INLIGTING VIR 2025

Namate ons begin uitsien na die nuwe skooljaar, wil ons graag verseker dat alle administratiewe take vir 2024 afgehandel word, sodat ons 2025 vol vertroue kan aanpak.

Ons is bewus daarvan dat die finansiële en administratiewe verantwoordelikhede wat saam met u kind se opvoeding kom, groot kan wees. Ons verseker u egter dat ons as skool ons bes doen om seker te maak dat elke leerder die beste moontlike onderrig en ondersteuning by Hoërskool Centurion ontvang en daarom kommunikeer ons deurlopend en vroegtydig.

In hierdie brief deel ons belangrike inligting rakende u kind se graad 8-jaar in 2025. Ons waardeer u samewerking en sien uit daarna om u en u kind in die Woerie-familie te verwelkom.

Graad 8-kamp, BAIE BELANGRIK:

Die graad 8-kamp vind van 12 tot 14 Januarie 2025 te Wag-'n-Bietjie Kampterrein plaas. Dagboek asseblief solank hierdie datums. U kan op die volgende skakel https://hscenturion.co.za/graad-8-inligting/ 'n volledige brief met al die kampinligting kry, asook die vrywaringsvorm.

Onthou asseblief dat alle belangrike datums aan die begin van elke kwartaal deurgegee word en ook op die skool se kalender op die webblad, https://hscenturion.co.za/kalender/ beskikbaar is.

Vakkeuses:

Hiermee die vakke vir 2025:

Verpligte vakke:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Robotika

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

Keusevakke:

- Skeppende Kunste (Musiek, Drama, Kuns). Leerders moet twee van die drie vakke kies. Hierdie keuse kan uitgeoefen word deur die volgende skakel te volg. Vakkeuses
- Voltooi asseblief die vorm voor 10 November 2024.

Handboeke en skryfbehoeftes:

Neem asseblief kennis dat alle leerders hul handboeke direk by die skool sal ontvang, maar dit is die ouers se verantwoordelikheid om die nodige werkboeke, skrifte en skryfbehoeftes self aan te koop. U kan die skakel gebruik om die bestelling te plaas. Die skakel is net vir die handboeke wat gekoop moet word, die res van die handboeke word deur die skool voorsien. Op 17 Oktober 2024 sal die skryfbehoeftelys ook beskikbaar wees. https://10uit10stationary.com/.

Dagboekies:

Elke leerder kry ’n dagboekie waarin die sesdag-siklus van die skoolrooster uiteengesit is, asook die noodsaaklikste reëls en daaglikse roetine, sodat elke leerder van alle sake kennis neem.

Busroetes:

Die busvervoerskema word privaat deur die skool bedryf. Die bestuurders op elke roete is onderwysers van die skool wat oor openbare vervoerpermitte en die toepaslike lisensies beskik.

Kaartjies is beskikbaar vir 20 OF vir 40 ritte. (Die prys sal op ‘n latere stadium aan u gekommunikeer word.) Let wel: Die kaartjie verval nie. U kind gebruik die ritte soos nodig.

- Roete deur Wierdapark, Rooihuiskraal, Eldoraigne en Valhalla (in die oggend en middag)
- Roete na Pierre van Ryneveld (slegs in die middag)

Die busroete sluit dus elke laerskoolroete in. (Uitsluitend: Laerskool Louis Leipoldt, Laerskool Doringkloof en Laerskool Hennopspark, aangesien dit naby genoeg geleë is.)

Die roetes word deur behoefte bepaal en sal dus eers volgende jaar gefinaliseer word. Daar word altyd gepoog om leerders so na as moontlik aan hulle ouerhuise af te laai. Alle navrae word deur mnr. J. Prinsloo j.prinsloo@hscenturion.co.za hanteer. Buskaartjies is in die finansieskantoor beskikbaar. Vir besonderhede omtrent op- en aflaaipunte, asook tye kan u op die skool se webblad gaan kyk.

Sluitkassies:

Daar is groot sluitkassies beskikbaar om te huur, teen R370 per jaar. Die sluitkassies kan slegs vanaf 20 Januarie 2025 deur die graad 8’s gehuur word. U hoef nie bekommerd te wees dat daar nie ‘n sluitkassie vir u kind gaan wees nie, daar is genoeg sluitkassies. Graad 8-leerders kan slegs “onderste” sluitkassies huur. Die bedrag kan kontant of elektronies betaal word. Indien die bedrag

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

elektronies betaal word, moet die leerders eers ‘n sluitkassienommer by me. E. Riekert in K18 kry, sodat die nommer as verwysing gebruik kan word. Vir meer inligting kontak me. E. Riekert by 012 664 5803 of e.riekert@hscenturion.co.za gerus.

Skoolgelde en aanvangsheffing vir leerders vir 2025:

Die huidige skoolfonds beloop R43 212 per jaar. Die begroting vir 2025 sal eers op 21 Oktober 2024 by die Algemene Jaarvergadering vir goedkeuring voorgelê word. **Ons nooi alle toekomstige graad 8-ouers uit om die vergadering om 18:00 in die skoolsaal by te woon.** Alhoewel u nog nie stemreg op die vergadering het nie, wil ons u graag deelmaak van die besluite wat geneem word, wat ’n invloed op die suksesse van die skool het. Die volgende is egter reeds vorige jare ten opsigte van die betaling van skoolgelde goedgekeur:

1. ‘n Aanvangsheffing van R2000 per leerder is jaarliks voor 30 November 2024 betaalbaar en is by die skoolgeldbedrag ingesluit. Dit word dus van die totale skoolgeldbedrag afgetrek, voordat die maandelikse paaiemente bepaal word. Indien dit ‘n uitdaging is, kontak ons asseblief.
2. Ouers/Voogde wat skoolgeld voor 31 Desember 2024 ten volle vereffen, is op korting geregtig. Die presiese persentasie sal op die Algemene Jaarvergadering goedgekeur word.
3. Ouers/Voogde wat skoolgeld voor 31 Januarie 2025 ten volle vereffen, is ook op korting geregtig.
4. Betaling kan oor 11 maande in gelyke paaiemente vanaf Januarie tot November per DEBIETORDER betaal word.
5. Betaling per DEBIETORDER word sterk aanbeveel, maar enige ander finansieel aanvaarbare betalingswyse word ook aanvaar. Voltooide debietorders kan aan me. M. Wolhuter besorg word. Dit kan ook per e-pos aan haar by die finansieskantoor debiteure@hscenturion.co.za gestuur word.
6. Indien u elektronies betaal of 'n deposito direk in die skool se bankrekening maak, MOET u asseblief u VERWYSINGSNR./REK.NR. gebruik, sodat ons u betaling reg kan allokeer. Hier volg die debietopdragskakel: Debietopdrag

“MyKindSpaarvarkieFonds”:

Die ouers wat belangstel om solank vir hul kinders se aktiwiteite te begin “spaar”, kan gerus begin om geld in die skool se rekening te deponeer. Die resolusie gaan op die algemene jaarvergadering voorgelê word vir goedkeuring.

- Ouers dra ‘n minimum van **R150 per maand** by wat duidelik op elke ouer se rekening reflekteer (dit bly die ouer se geld).
- Dit help ons ouers om te begin “spaar” vir daardie onvoorsiene uitgawes ten opsigte van toere of skoolaangeleenthede wat partymaal ‘n ouer se sak kan ruk. Om binne ‘n kort tydperk ‘n groot bedrag, byvoorbeeld R3 000, te betaal wat nie in ons ouers se maandelikse begroting ingewerk is nie, skep partymaal konsternasie en moet daar soms hulp van oupas en oumas

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

ingeroep word, of borgvorms moet voltooi word. En al kan van ons ouers dit betaal, is dit nog steeds ‘n uitgawe wat nie deel van die huishouding se maandelikse begroting vorm nie.

- Hierdie R150 per maand beloop uiteindelik R1 800 per jaar per leerder, wat dan spesifiek vir skoolaktiwiteite soos deur die skool bepaal, aangewend kan word.
- Indien ‘n leerder nie betrokke by enige sport-, kultuur- of ander skoolaangeleenthede is waar die geld aangewend kan word nie, of daar is ‘n balans wat nie gebruik is nie, sal die fondse in die leerder se matriekjaar teen die skoolfonds afgeskryf word (skoolfonds verminder dus). Dit kan dan ook ‘n klein bietjie help aangesien die meeste ouers dan begin spaar vir tersiêre onderrig. Indien ‘n leerder die skool verlaat, sal dit teen uitstaande skoolgeld vereffen word.

Klerewinkel:

Daar is twee verskaffers vir ons kleredrag:

- *Eduwear* is op ons skoolterrein onder die sykant van ons paviljoen.
  Tye: Maandag tot Donderdag – 07:00 tot 09:00 en 13:00 tot 17:30
  Elke tweede Saterdag – 09:00 tot 13:00

- *Marethas* is in die Clubview-sentrum op die hoek van Lytteltonweg en Adam Tasweg.
  Tye: Maandag tot Vrydag – 08:30 tot 17:00
  Saterdae – 08:30 tot 13:00

Albei die klerewinkels het die volle reeks skoolklere wat aan u kind se klerebehoefte sal voorsien.

Klerebank:

Tweedehandse skoolklere is by die klerebank op Maandae 13:30 tot 14:30 en Donderdae 06:30 tot 07:30 te koop. Die skool het twee jaar gelede na nuwe eenvormige sportdrag, kleurbaadjies en dasse oorgeskakel. Maak asseblief seker dat u nie van die ou kleredrag by oudleerders oorneem nie. Kontak gerus vir me. Heyns by r.heyns@hscenturion.co.za vir enige navrae. Ons gaan 3 en 4 Desember 2024 weer die klerebank vanaf 08:00 tot 16:00 vir verkope oopmaak.

Skooldrag:

Om Hoërskool Centurion se skooldrag te kan dra, is ‘n eer en ‘n voorreg. Leerders moet te alle tye netjies vertoon en daardeur die goeie naam van die skool uitdra. Ons beveel graag aan dat elke graad 8-leerder ‘n formele baadjie sal aankoop.

Skooldrag vir dogters:

- Skoolkleure: Maroen, blou en liggrys (silwer)
- Maroen romp: A-lyn

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

- Romplengte: Wanneer die dogter op haar knieë staan, moet die roksoom 10 cm of minder van die grond af wees.
- Trui: Maroen met skoolkleure om V-nek.
- Baadjie: Maroen met skoolwapen. (Word sterk aanbeveel.)
- Skoene: Swart skoolskoene met gespe en toe hakke.
- Kniekouse: Maroen met skoolkleure bo.
- Broekiekouse: Swart lang kouse (Wintersdrag. Geen sokkies onder broekiekouse nie.)
- Sokkies: Wit kort kouse, omgevou.
- Bloes: Geruite hemp met ronde soom.
- Serp: Opsioneel (swart of maroen). Slegs in winter.
- Langbroeke: Opsioneel (maroen) op bestelling. Slegs in winter.
- Oortrektrui: Soos deur verskaffers voorsien.

Skooldrag vir seuns:

- Broek: Grys (kort- of langbroek). Algemeen beskikbaar.
- Kouse: Grys skoolkouse.
- Trui/Oortrektrui: Maroen met skoolkleure om V-nek.
- Baadjie: Maroen met skoolwapen. (Word sterk aanbeveel.)
- Skoene: Swart toerygskoolskoene soos by skoenwinkels beskikbaar. (Geen skoene met gespes nie.)
- Gordel: Grys, swart of donkerbruin.
- Hemp: Wit. In die somer kan ‘n kortmouhemp met ‘n oopslaankraag gedra word. Algemeen by kettingwinkels beskikbaar.
- Winter: Langmouhemp met das.
- Das: Maroen das beskikbaar by verskaffers.
- Serp: Opsioneel (swart of maroen). Slegs in winter.
- Oortrektrui: Soos deur verskaffers voorsien.

Kampusdrag:

Kampusdrag word slegs op Vrydae gedra, behalwe as daar anders vir spesiale geleenthede gereël word. Alle reëls wat van toepassing op gewone skooldrag is, geld tydens die dra van kampusdrag.

- Broek: ’n Vollengte, blou denimbroek waarvan die broekspyp nie omgerol word nie, moet gedra word. Die denimbroek moet geen gate, skeurmerke, krapmerke, oordadige borduurwerk of klinknaels hê nie.
- Hemp: Amptelike Woerie-hemp wat by leweransiers gekoop kan word.

TELEFOON: (012) 664 5803 | FAKS: (012) 664 7969 | WWW.HSCENTURION.CO.ZA | INFO@HSCENTURION.CO.ZA
ADRES: SELBORNELAAN 118, LYTTELTON, CENTURION | POSADRES: POSBUS 14054, LYTTELTON, 0140

- Sportbaadjie: Sportbaadjie wat by leweransiers te koop is, of die amptelike eerste span se sportbaadjies wat in verskillende sportsoorte verwerf is. Leerders mag slegs die eerste span se baadjies dra as hulle in die span is.
- Skoene: Netjiese toe skoene/tekkies. Geen plakkies of sandale mag gedra word nie.

Kommunikasie:

Ons is opgewonde om u deel van ons Woerie-graadgroep se WhatsApp-groep te maak. Die inisiatief is vroeër die jaar bekendgestel en is daarop gemik om kommunikasie tussen die skool en ouers nog vinniger en meer doeltreffend te maak.

Ons het 'n spesiale WhatsApp-groep vir die graad 8's van 2025 opgestel, waar ons belangrike inligting en nuus met u sal deel. Hierdie platform sal u help om op hoogte van gebeure en reëlings te bly en ons glo dit sal 'n waardevolle hulpmiddel wees om die oorgang na die hoërskool vir u en u kind so vlot as moontlik te laat verloop.

Indien u nog nie op die graadgroep is nie, kan u die skakel gebuik: https://chat.whatsapp.com/J37q23vk64C4f8J11OtAr3 om by die groep aan te sluit om sodoende te verseker dat u nie belangrike inligting misloop nie.

Ware Woerie-Ouers:
Indien u 'n groter rol wil speel en hande wil vat gedurende skoolgeleenthede, in watter kapasiteit ook al, is u welkom om 'n e-pos aan wwo@hscenturion.co.za te stuur om op die Ware Woerie-Ouer-groepe geplaas te word.

Ons sien met groot opgewondenheid uit na 2025 en is dankbaar vir die geleentheid om u kind by Hoërskool Centurion te verwelkom. Ons weet dat dit 'n jaar van groei en geleenthede vir elke graad 8-leerder gaan wees – en ons is hier om u en u kind met elke tree op die pad te ondersteun.

Baie sterkte met die laaste skoolreëlings en eksamenvoorbereiding. Ons vertrou dat elke graad 7-leerder hul laerskooljare op 'n hoogtepunt gaan afsluit en ons sien daarna uit om hulle in die Woerie-familie te verwelkom!

Vir enige navrae kontak gerus u graadhoofde vir 2025:

- Me. R. Heyns r.heyns@hscenturion.co.za
- Mnr. E. Terblanche e.terblanche@hscenturion.co.za

Woerie-groete.



MNR. A. LABUSCHAGNE
HOOF